PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Kerkstraat 92
Tak: Tomstraat 100


# die WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

In u lig sien ons die lig.

JAARGANG XXVII VRYDAG, 25 FEBRUARIE 1972 Nr. 1


CACHET APTEEK
Groot genoeg om u te bedien
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

OPENING VAN UNIVERSITEIT:

# INGENIEURSFAKULTEIT NOG 'N STAP NADER

**HOEWEL ekonomiese oorwegings deurslaggewend by die goedkeuring en inrigting van 'n ingenieursfakulteit aan 'n universiteit is, is daar ook „ander faktore" wat in aanmerking geneem kan en moet word, het dr. J. T. van Wyk, Sekretaris van Nasionale Opvoeding, Vrydagaand gesê in sy openingsrede by geleentheid van die begin van die P.U. se akademiese jaar.**

### VERSIGTIG

Dr. van Wyk het hom versigtig oor hierdie aangeleentheid uitgelaat, maar nogtans aan die Rektor, prof. H. J. J. Bingle, in sy dankwoord die opmerking ontlok dat dr. Van Wyk, al het hy dit nie in soveel woorde te kenne gegee nie, 'n hoogs betekenisvolle opmerking vir die P.U. in verband met 'n ingenieursfakulteit gemaak het. Dit is 'n saak waarvoor die Universiteit hom al sedert 1963 beywer.

In sy toespraak het dr. Van Wyk 'n beroep op alle studente gedoen om met toewyding te studeer, mede omdat universiteitsopleiding vir die land ontsaglik duur geword het. Wanneer die bydraes van die ouers, die landsowerheid en die eie bronne van die universiteite saam bereken word, kom dit op ongeveer R8 per dag te staan om 'n student op universiteit te hou.

### FINANSIES

Die stellige verwagting is dat Suid-Afrika teen 1980 ongeveer 120,000 universiteitstudente sal hê in vergelyking met die inskrywing van 87,000 verlede jaar. In die huidige geldjaar het die Regering vir meer as R57 miljoen begroot en vir die aanstaande geldjaar is R67 miljoen aangevra. Afgesien daarvan is leningsbevoegdheid van R30 miljoen gevra.

Dr. van Wyk het verwys na die versale van verskeie kommissies van ondersoek wat die afgelope jare die land se stelsel van tersiêre onderwys bestudeer het. Daar is egter nog verskeie aangeleenthede waaroor uitsluitsel gegee moet word, onder meer die van ingenieursopleiding. Hy het die hoop uitgespreek dat die Van Wyk de Vries-kommissie wat eersdaags verslag moet doen, hieroor duidelikheid sal bring.

### KEUSE

Dr. van Wyk het gesê dat die stelling dat die student die reg moet hê om in die rigting van sy keuse te kan studeer, meriete het. Die kwessie van vraag en aanbod speel egter ook 'n rol. Dit is die rede waarom studente wat hulle in sekere rigtinge bekwaam het, ondervind dat hulle werk moet doen wat ewe goed deur matrikulante verrig kan word.

Dit kom voor asof Suid-Afrika in die besonder behoefte aan ongegradueerde tegnici het, 'n rigting waarin die kolleges vir gevorderde tegniese onderrig 'n noemenswaardige bydrae lewer.

Oor die vraagstukke in verband met die presiese plek van die universiteite, onderwyskolleges en ander inrigtings vir hoër onderwys is die laaste woord nog nie gespreek nie. Vir oplossings wat almal sal bevredig, is die wysheid van 'n Salamo nodig.

### AGTING

Dr. van Wyk het met waardering gewag gemaak van die agting wat die Suid-Afrikaanse studente in die algemeen landwyd geniet en die hoop uitgespreek dat alle studente hulle sal beywer om hierdie goeie reputasie te handhaaf.

Prof. Bingle, wat dr. en mev. Van Wyk aan die gehoor voorgestel het, het daarna verwys dat dr. Van Wyk sy hoër onderwys-opleiding aan die P.U. geniet het, terwyl mev. Van Wyk een van sy leerlinge was.

In hierdie verband het dr. Van Wyk in sy toespraak gesê dat dit vir hom 'n voorreg was om 'n Pukstudent te wees. Die Universiteit verdien hoë waardering vir die puik akademiese peil wat hy handhaaf, maar ook vir die kulturele en geestelike vorming wat hy sy studente bied.

**STUDENTERAADS-AANKONDIGINGS**

**Die kleurbaadjie-eksamen vind plaas op Maandagaand 28 Februarie om 7 nm.**

**Op Donderdagaand, die 2e Maart is daar 'n massavergadering in die Totiussaal om 7.30 nm.**

## Florna toer na Zoeloeland

Na 'n baie aktiewe jaar, wat kampe in Mosambiek, die Bosveld, Magasliesberge en ander kampeerplekke ingesluit het, het die Florna sy jaar op 'n hoë noot afgesluit met 'n toer na Zoeloeland, die Mkuziwildtuin en Sordwanabaai.

Die toergroep het betaan uit twintig dames en dieselfde aantal mans onder die leiding van Flip Dwinger as toerleier, Burgert van der Westhuizen as sy adjudant en Wilma van den Dool met die uiters belangrike verantwoordelikheid as kos-ma. Die toerma en pa was Chris en Jana van Ryssen.



**EERSTEJAARS REGISTREER**

**Die foto toon 'n aantal eerstejaars en hulle ouers wat voor die Administrasiegbou wag om in te skryf.** (*Foto: Fotokuns*).

STUDENTERAADSVERKLARING:

# Ons Nuwe Kleurbaadjie

DIT IS MET dankbaarheid en ook met 'n opwindende afwagting dat die Studenteraad kan bekendmaak dat die nuwe Universiteitskleurbaadjie teen begin Mei vanjaar gereed sal wees om in gebruik te neem. Dit sal die kroon plaas op 'n tydperk van indringende ondersoek en besinning wat vroeg in 1971 begin het. Die Studenteraad wat dan nou ook sy opregte waardering uitspreek teenoor die Pukke se geduld en konstruktiewe raad tydens die besinningsfase. Graag maak die Studenteraad kortliks die resultate van bogenoemde ondersoek bekend.

### GRONDKLEURE.

So ver ons kon vasstel hou die drie grondkleure nl. wynrooi, ougoud en wit geen simboliek in nie, maar is dit akademiese kleure eie aan 'n Universiteit en meer spesifiek eie aan ons Universiteit. Daarom dat die Studenteraad vasberade was en dit eenparig eens was dat aldrie genoemde kleure op een of ander wyse na vore moet kom in die nuwe kleurbaadjie. As kleur van die nuwe effekleurige baadjie is besluit op wynrooi, daar dit die enigste praktiese-dienlike kleur is, maar dat ougoud en wit in die wapen duidelik na vore moet kom. Die snit van die mans- en die damesbaadjie verskil radikaal van mekaar en dit is so ver moontlik, binne die perke van goeie smaak, aangepas by die modieuse eise van vandag.

### EENVORMIGHEID

Dit was die uitgangspunt van die Studenteraad om 'n eenvormige baadjie daar te stel wat na alle geleenthede aangetrek kan word om so die eenheid te beklemtoon, maar om aan die verskeidenheid binne die eenheid erkenning te gee by wyse van 'n onderskrif op die wapen. Twee soorte erkenningswapens is ingestel nl. 'n groepserkenning en 'n individuele prestasie-erkenning. Eersgenoemde wapen sal erkenning verleen aan „akademiese vakgroepe" wat by wyse van 'n akademiese vereniging by die Sentraal-akademiese vereniging geaffilieer is. Laasgenoemde wapen sal funksioneer as half ere-kleure wat uitgereik sal word aan sportmanne of -vroue vir verdienstelike individuele sportprestasies. Dit sal nie die bestaande erekleure vervang nie. Hierdie wapen sal ook op die nuwe baadjie gedra word. Afgesien van genoemde twee soorte wapens, sal daar ook nog

**Vervolg op bl. 3.**

# Studiekring gestig

Op 30 Septemger 1971 is 'n onafhanklike studiekring gestig om veral 'n studie te maak van tydstendense soos dit na vore kom in tydskrifte en dagblaaie. Die studiekring beoog ook om sekere tendense aan die Puk, byvoorbeeld die invloed van uitbreidende studentegetalle, te ondersoek.

'n Groot motivering agter die stigting van die studiekring is om die Studie- en Navorsingskomitee van die Korpsbestuur by te staan. Korps beoog om vanjaar meer as tien studentestukke deur hierdie komitee uitte gee, asook 'n paar vlugskrifte. Hiervoor moet die leemtes en probleme van die student in ons tyd goed bekend wees.

Die studiekring beoog om veral deur middel van vlugskrifte te werk te gaan. Verder word weeklikse vergaderings beoog waar tydskrif-artikels uit 'n groot verskeidenheid tydskrifte bespreek sal word. Die studiekring bestaan uit die vyf lede van Korps se gekose Studie en Navorsingskomitee en dertien gekoopteerde lede van verskillende vakrigtings en kerkverbande. Meeste van die lede is voorgraadse studente.

BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 89b en c.
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK

# Sakekamer Stig Beursfonds

**'n Merietebeurs vir enige graad- of diplomakursus aan die P.U. vir matrikulante in Klerksdorp, Stilfontein of Orkney, is deur die Klerksdorpse Afrikaanse Sakekamer ingestel.**

Die aankondiging is verlede jaar deur mnr. P. G. L. van Rensburg, voorsitter van die Sakekamer se beurskomitee gemaak toe hy die eerste tjek aan prof. H. J. J. Bingle rektor van die P.U., oorhandig het. Mnr. van Rensburg is ondervoorsitter van die Klerksdorpse Afrikaanse Sakekamer en bestuurder van Klerksdorp Suiwelfabriek.

Die merietebeurse sal toegeken word aan matriekleerlinge uit die gebied Klerksdorp, Stilfontein of Orkney, wat op buiteskoolse gebied die beste presteer het en wat nie vir ander merietebeurse kwalifiseer nie.

Die sakekamer het besluit om jaarliks 'n bedrag in die beursfonds te stort wat die Raad van die P.U. belê en die opbrengs daarvan word dan vir beurse aangewend.

Verlede jaar se bydrae tot die fonds is op 27 November 1971 geïn met 'n gholftoernooi op Klerksdorp. Na van mnr. Phil Van Rensburg verneem is, is 'n paar honderd rand ingesamel. Dit sal by 'n later geleentheid oorbetaal word.



NUWE AANSTELLING.

'n Aanwins vir die Puk is die aanstelling van mnr. Johan Claassen, bekende Springbokrugbyspeler en -afrigter. Mnr. Claassen is aangestel as seniorlektor in Bybelkunde.

# DRAKENSBERG PER FIETS GETEM

**TWEE PUKKE het hierdie vakansie besluit om moderne voertuie te boikot en 'n fietstoer te onderneem. Pieter Mulder en Quintus Pelser het in algesaam ses dae 350 myl gery vanaf Bethlehem na Durban. Die fietse plus bagasie het volgens Quintus elk 96 lb. geweeg en om hiermee op merendeels grondpaaie te ry was beslis geen grap nie.**

Hulle het weinig teëspoed gehad: slegs een keer 'n pap wiel. Vanaf Escort na Giant's Castle het hulle per ongeluk 'n 10 myl lange ompad gevolg wat boonop 'n baie steil opdraande was en beslis nie bybal gevind het nie.

By Basoetoe Hek moes hulle met 'n basoetoeponiepaadjie oor die berge gaan. Die hoteleienaar by die Koninklike Natalse Nasionale Park wou hulle eers nie glo toe hulle hom hiervan vertel nie. Volgens hom het geen mens dit nog ooit reggekry nie. Toe hulle hom egter oortuig het, het hy hulle elkeen 'n gratis ete aangebied.

„Ons het meesal in 'n tent geslaap, maar soms ook by mense wat ons langs die pad ontmoet het", vertel Quintus. „Die mense was vreeslik gasvry. In Mooirivier se poskantoor het 'n ons 'n skoolhoof ontmoet en die het ons dadelik uitgenooi om die nag by hulle deur te bring."

Die toer het vanaf 26 Nov. tot 6 Des. geduur en in Durban het hulle 'n welverdiende paar dae by die see deurgebring.



**Pieter Mulder en Quintus Pelser wat die afgelope vakansie die lang pad oor die Drakensberge aangedurf het met fietse.**

# Nuwe Publikasie

**TWEE NUWE publikasies van die Studenteraad het vanjaar die lig gesien. Hulle is die Kleurbaadjiehandboek en die sangbundel Gorrel Goedjies. Daarbenewens is die Puk-Sakboekie groter as tevore en bevat ook meer inligting.**

In die woorde van mnr. Frans Kruger, die samesteller, is die doel van die Kleurbaadjiehandboek om aspirant kleurbaadjiedraers te vorm en te skool aangaande sy Universiteit, sy mense en sy baadjie. Dit bestaan uit ses artikels geskryf deur vorige en teenwoordige studenteleiers en handel oor o.a. Die Geskiedenis van die Universiteit, Die Stryd teen die Gewetensklousule, Die Georganiseerde Studentelewe en Die Dra van P.U.-Kleure. Langs hier die weg word Pro Rege, wat die druk- en bindwerk gratis gedoen het, hartlik bedank.

Mnr. Koos Kruger, A.O.B.-voors., sê in sy voorwoord tot die nuwe sangboekie, Gorrel Goedjies, dat waar studentepret in woorde eindig, begin sang en dat Gorrel Goedjies inderdaad 'n behoeftebevrediging is. Die bundel bestaan uit 318 liedjies met afsonderlike afdelings vir studenteliedjies (35) en volksliedjies (22).

Die Sakboekie, wat onder leiding van mnr. Ryno Louw opgestel is, voldoen in alle opsigte aan die vereistes wat daaraan gestel word. Benewens 'n volledige uiteensetting van belangrike datums, is daar interessante gegewens soos 'n lys van Kabinetslede en hulle portefeuljes, asook die omskakeling van mate, gewigte en snelhede van die Engelse na die Metrieke stelsel. Dit is net jammer dat daar so min sakboekies gedruk is.

# Kleurbaadjie

Vervolg van bl. 1.

die algemene universiteitswapen wees. Die Studenteraad wil dit duidelik stel dat aan die bestaande ontwerp van die Universiteitswapen nie verander is nie, maar dat die wapens basies van mekaar sal verskil op grond van verskillende-onderskrifte.

### VEREISTES

Die enigste vereiste vir die dra van die nuwe kleurbaadjie of universiteitswapen, is tweede jaar akademies, die slaag van die nuut ingestelde kleurbaadjie-eksamen en wat betref die groepserkenningwapen, lidmaatskap van 'n geaffilieërde akademiese vereniging. Die vereistes vir die erekleure en die halferekleure word oorgelaat aan die sportklubs. Die ou studentehandboekeksamen is verdeel in 'n oriënteringseksamen en die kleurbaadjie-eksamen. 'n Nuwe publikasie is saamgestel wat as bron sal dien vir die kleurbaadjie-eksamen wat daarop toegespits is om van die aspirant kleurbaadjiedraer 'n trotse draer van P.U. kleure te maak. Hierdie kleurbaadjiehandboek is tans by die Studenteraadskantoor te koop en die kleurbaadjie-eksamen word afgelê op Maandagaand, 28 Februarie 1972.

KOBUS VAN DER WALT,
(S.R.-voorsitter).

# Portugees by P.U.

Benewens die volledige kursusse in Frans en Italiaans, word daar vanjaar ook nog onderrig in 'n derde taal aangebied, naamlik Portugees.

Vanweë Suid-Afrika se noue kontak met Portugal en sy provinsies in Afrika, veral op ons grense, het dit 'n dringende noodsaaklikheid geword dat ons ook kennis neem van die Portugese taal en sy ryke kultuur. Portugal het 'n kultuu skat van literatuur en kuns wat oor eeue strek. Daarby is daar die moderne state in Suid-Amerika, soos Brasilië, wat Portugeessprekend is.

Die kursus in Portugees aan die P.U. vir C.H.O. bied daarom nie net praktiese onderrig van die spraak, spreektaal en die skryftaal nie, maar dit gee ook 'n oorsig van die Portugese letterkunde, geskiedenis, die koloniale era, en 'n afdeling oor Portugal en Suid-Afrika.

Die dosent verantwoordelik vir hierdie kursus is mnr. Luis Leal, wat van Portugese afkoms. Sy en wie na vyf jaar se verblyf in ons landreeds albei die landstale vlot kan praat.

Die vak Portugees kan as hoofvak geneem word en word gedurende die normale dagrooster vir innemuurse studente aangebied.

# MONTIUM

As ou bekende op die kampus wil Montium net hartlik welkom sê aan al die Pukke.

Enige besonderhede omtrent die klub kan verkry word van die bestuur. Dit is:

Voorsitter: D. Hugo, Die Skuur Kamer 58.
Ondervoorsitter: J. Meiring Oor de Voor. Kamer 42.
Sekretaresse: R. Coetzee, Kasteel, Kamer 308 (G).
Penningmeester: F. Grobler, Ons Huis, Kamer 7.
Add. lid: M. van der Walt, Heide.
Redraktrise: S. van Deventer, Ratau, P.O.K.

Aan almal: geniet die jaar op die plaas.

# KORPS BESOEK PASTOOR WURMBRAND

**OP VRYDAG 11 Februarie het 18 Pukke 'n georganiseerde besoek gebring aan Die Paardekraal-monument waar pastoor Richard Wurmbrand opgetree het. Op 'p sober en nederige en tog baie vurige wyse het hy getuig van die lewe en verdrukking van mede-Christene agter die Ystergordyn.**

Hy het veral die vlg. beklemtoon: Die waaragtigheid van die martelare se geloof, Ons gemeenskap met hulle, Kommunisme, Doel van die Christelike sending aan die Kommunistiese wêreld; en Die gesindheid waarmee ons hulp gee en verleen.

Pastoor Wurmbrand het gesê dat mense nie van hom moet verwag om 'n vreeslike tirade teen kommunisme te lewer nie. Hy gebruik sy tyd nuttiger deur te vertel van die genade van God deur Jesus Christus aan 'n in sonde gevalle mensheid.

Pastoor Wurmbrand tree eersdaags in Klerksdorp op.

Op Woensdagaand 1 Maart tree die voorsitter van die beheerraad van die S.A.U.K., dr. P. J. Meyer in die Totiussaal op met die lesing „Die Christen se verantwoordelikheid in die Kommunikasiewese".

# Waarheen gedurende Sleeptyd

Kom ontspan by die „Puk-Pik". Musiek gedurende sleeptye.

Die A.O.B. bied Sondagaande na kerk 'n gepaste program van gewyde musiek aan in die Totiussaal.


**AJAX**
Kerkstraat 159
Foon 6175
★ BOEKE
★ SKRYFBEHOEFTES

**LINDEQUE'S** SKOENREPARASIES EN LEERWERKE
Lombardstraat 64, Telefoon 4854.



★ *Spesiale pryse aan Studente.*
★ Depots:
Bult Droogskoonmakers en Wesvaal Waassery.

**WERKENOES**
(Edms.) Bpk. — (Pty.) Ltd.
★ PLASCON VERF
★ ASBESPOTTE
★ FIETSREPARASIES
★ HUISHOUDELIKE WARE
★ YSTERWARE VIR BOUERS
★ SPEELGOED
Kekrstraat 96 Telefoon 4154

**POTCH. SPARES**
(PTY.) LTD.
VIR ALLE MOTORONDERDELE EN TOEBEHORE
FOR ALL AUTOMOTIVE PARTS & ACCESSORIES
★
Tel. 6077, 4595 Posbus/P.O. Box 260
39 Lombard Str. 39, Potchefstroom, Tvl.

die WAPAD

# INSKAKELING

Met die oriëntering nou iets van die verlede, het die tyd aangebreek dat Pukke hulle ernstig moet besin oor hulle verhouding met eerstejaars. Die hele doel van oriëntering is om inskakeling van eerstejaars in die studentelewe te vergemaklik. Die tyd het dus nou aangebreek om eerstejaars as volwaardige Pukstudente te aanvaar en hulle veral in die georganiseerde studentelewe in ons geledere op te neem. Dit wil nie sê dat die eerstejaars nou „die vryheid van die kampus" het nie. Hulle bly juniors wat hulle seniors behoort te respekteer soos die geval op alle lewensterreine is.

Die proses van inskakeling is egter nie 'n eensydige proses nie. Van die eerstejaars se kant moet hulle hulself beskikbaar stel en moet hulle bereid wees om in diens van die Puk hulle deeltjie by te dra. Dit gebeur dikwels dat talentvolle persone in die studentemassa verlore gaan — hoe gouer elke persoon dus eie individualiteit aan die dag lê, hoe gouer sal dit vrugte in die georganiseerde studentelewe afwerp. Teen valse beskeidenheid moet net soos teen die ander uiterste, hoogmoed, gewaak word.

Vanjaar se oriëntering het besondere probleme opgelewer. Weens herhaalde bankrotskappe van verskeie bouers is die Universiteit se bouprogram ongeveer 'n jaar vertraag. Die gevolg hiervan was dat daar huisvesting vir ongeveer negentig mansstudente by die P.O.K. gesoek moes word. Of hierdie groep studente by die P.U. of P.O.K. se studentelewe moes inskakel, was vir die owerhede en studenterade van beide inrigtings 'n netelige probleem. Die P.U.-Studenteraad se standpunt was tereg dat ter wille van die individuele student geëis moet word dat daardie negentig studente alle voorregte van Pukstudente behoort te kan geniet.

Op die vlak van die georganiseerde verenigingslewe kan hierdie studente nie voorgesê word waaraan om te behoort of nie te behoort nie, maar die geleentheid om aan die Puk se verenigingslewe te behoort, kan hierdie studente nie ontsê word nie. Op die gebied van georganiseerde sport is die toegewing gemaak dat hierdie studente op koshuisbasis vir P.O.K.-koshuisspanne verkies kon word, maar op ligabasis moes hulle vir P.U.-spanne beskikbaar wees, aangesien sowel Puk as die P.O.K. geslote klubs voorstaan. Dit is dus nie meer as reg dat 'n ingeskrewe student aan die P.U. vir P.U.-sportklubs beskikbaar moet wees, is geredeneer.

Die uitvoering van hierdie planne het heelwat moeilikhede opgelewer en spanninge veroorsaak. Dié uiteinde was dat die Universiteit die betrokke studente in private wonings uitgeplaas het. Vir alle betrokkenes was daar 'n mate van onaangenaamheid.

In belang van die Puk, die P.O.K., trouens van alle studente in Potchefstroom, is dit wenslik dat hierdie spanning en onaangenaamheid so gou as moontlik uit die weg geruim word en in die vergetelheid raak. Verwyte dien geen doel nie en spanninge tussen twee groepe studente lewer nooit iets positiefs op nie, soos enkele jare gelede ook geblyk het ten tyde van Ukovs se krapperige gevoelens oor beweerde Intervarsity-onreëlmatighede.




# 'n Euwel wat afgeskaf moet word

Deur Lourens du Plessis (LL.B. II)



studentemening

Te midde van al die geëtiketteerde (ettiketteerbare) euwels van ons samelewing, wat die afgelope aantal jare op voltrekking van 'n doodsvonnis wag, is ene ontgroening (alias oriëntering, alias inskakeling) een van die wat die laksman met skynbare vreesloosheid uittart.

**Spontaniëteit.**

Oppervlakkig gesien sou gesê kon word dat hierdie instelling hardnekkig bly voortleef as gevolg van die student-is-altyd-bereid - om - 'n - gek - van - homself - te - maak beginsel. Digene wat van beter weet sal die aangeleentheid egter nie so sito-sito afmaak nie. (En wie weet beter as die student self?) 'n Wyse man hou deeglik rekening met die natuurlike ongeinhibeerdheid van die student. Laat ons studente dan nou maarvanwee 'n verskeidenheid van faktore — baie skugter wees as hulle in die lesinglokaal sit. Een ding moet egter waardeer word: in ons alledaagse verkeer met mekaar, veral by 'n geleentheid soos oriëntering, is ons darem nog bereid om spontaan, (soms selfs n ief) te wees. En myns insiens is juis die wyse waarop die oriëntering geskied, sprekend van hier ie sprankie „hoop" wat, in die aangesig van 'n dreigende gesigloosheid, nog in ons oorgebly het.

Opvallend is die feit dat waar Karnavalle, ja selfs Inter-varsities, deesdae maar taamlik halfhartig ondersteun word, oriëntering op studentevlak nog steeds die belangstelling gaande maak. Ek verwys hier spesifiek na „oriëntering op studentevlak" om dit te onderskei van die oriënteringsprogram van die universiteitsowerheid.

**Opvoedkundige waarde.**

„Wat is die opvoedkundige waarde van oriëntering?" is die vraag, waarop baie mense dikwels 'n antwoord wil verskaf. Eintlik dink ek dat hierdie vraag nou maar net 'n gebrek aan kennis insake die eiesoortigheid van 'n studentegemeenskap openbaar, of in die alternatief, dat die uitvloeisel is van 'n ietwat oordrewe waardegierigheid. Oriëntering hoort by 'n universiteit soos botter by brood. Die situasie is nie vremd nie: 'n Nuweling moet inskakel by 'n bestaande struktuur. Die metode waarop dit geskied is egter een wat die stempel dra van die struktuur waarby hy homself moet inpas. En waar wil jy 'n meer behulpsame struktuur kry as juis so 'n studentegemeenskap?

Van die eerstejaar wo s vereis dat hy homself moet prysgee sodat hy sy „nuwe" self kan word. Waar hy tot dusver individualis slegs onder 'n groot mate van beskerming kon wees, moet hy vir homself nou 'n nuwe paadjie oopveg en reeds tydens sy oriëntering sorg dat hy nie in die massa verswelg raak nie. (Of het die klem dalk hierdie jaar so verskuif dat die oudames en -here moet veg om nie in die massa eerstejaars verswelg te raak nie?).

Dit was vir my nog altyd opvallend dat by universiteite waar ontgroening (Ekskuus, oriëntering) op grond van „barbaarsheid" of die „verspottigheid" daarvan, deur die studente self afgeskaf is, die eerste tekens van 'n snel verbrokkelende „student wees" reeds merkbaar begin word. Toegegee dat die afskaffing van die oriëntering nie noodwendig die oorsaak van hierdie verbrokkeling is nie, behoort dit minstens tog nog as simptoom daarvan aangemerk teword. Hiermee gaan gewoonlik oog gepaard die vereensaming van die individuele student wat uiteindelik weer tot opstande lei. Dit moet herbeklemtoon word dat oriëntering in hierdie geval nie die enigste geneesmiddel is nie, maar dat die rol daarvan ook nie onderskat kan word nie.

**Opbouend.**

Belangrik om te onthou is die feit dat oriëntering slegs positief mag wees, dit wil sê slegs mag afbreek met die doel om weer op te bou. In die afgelope aantal jare is ons stelsel hier plaaslik op 'n heel kredietwaardide wyse hierby aangepas. Dit is ongelukkig ook so dat, solank mens met mense te doen het, negatiewe elemente nie heeltemal uitgesluit kan word nie. Dit beteken egter nie dat ons verlief daarmee moet neem nie. Elke ouheer en oudame en veral elke tweedejaar moet hom- of haarself krities bejeen vir sover dit sy of haar deelname aan ontgroening betref. Studentepittigheid mag nie prysgegee word ter wille van blote verspottigheid nie. Laat ons maar so 'n bietjie onverantwoordelik wees, **maar** op 'n verantwoordelike wyse! Blatante platvloersheid en vulgari is onmoontlik te rym met hierdie ideaal van onverantwoordelike verantwoordelikheid.

Vervolg op bl. 10.

# Uit die Woord

## ALTYD BESIG

1 *Konings* 20:38-40.

Wat 'n pragtige ryk geillustreerde geskiedenis, realisties beskrywe en tog so treffend ook vir ons aan die begin van 'n nuwe jaar.

God stuur 'n profeet na Agab met 'n belangrike boodskap nadat Agab vir Benhadad die koning van Aram wat God se gevangene was, vrygelaat het. Die profeet preek op sigbaar aanskoulike wyse deur middel van 'n gelykenis.

Dit is oorlog en tydens die geveg word 'n sekere iemand, 'n belangrike gevagene aan sy sorg toevertrou. „Bewaak hierdie man, as hy ooit gemis word sal jou lewe in die plek van sy lewe wees, of jy sal etlike honderde rande moet betaal." Ondanks die opdrag was hy tog met ander dinge besig, want hy sê verder „Maar terwyl u dienaar hier en daar besig was het hy verdwyn." As gevolg van die baie besig wees met ander dinge benewens sy opdrag, het die gevangene spoorloos verdwyn.

Ons het so pas 'n nuwe jaar betree. 'n Nuwe akademiese jaar, 'n nuwe lewe vir baie van ons. Waarmee gaan ons ons vanjaar besig hou? Dat ons baie besig sal wees of baie besig sal lyk is reeds 'n uitgemaakte saak. Hoe besig is ons nie reeds nie? HIER EN DAAR! Dag vir dag. Maar waarmee is ons eintlik besig? Ons taak is immers ook om in God se diens te staan, om te veg in sy leër teen die magte van die Satan. Maar ons is so besig met allerlei dinge, wat nie noodwendig verkeerd hoef te wees nie. Maar my eie belange hou my hier en daar so geweldig besig dat ek nie tyd kry om besig te wees met die dinge van my Vader nie.

Mag God ons die genade en die krag gee om in 1972 hier en daar, en oral besig te wees waar Hy ons ookal roep tot eer van sy Naam.

J.K.



# Redaksie

Hoofredakteur: Gerrit Pienaar (6370).
Nuusredakteur: Johan du Pisani (2129).
Sub-redaktrise: Amanda Hamilton-Attwell (3211).
Sekretaris-penningmeester: Dave van der Walt (2067).
Sirkulasiebestuurder: Kobus van der Walt (2030).
Algemene Nuus: Quintus Pelser (redakteur) (2171), Fasie de Kock, Mariechen Waldner, Tjaart Steyn, Riaan Odendaal, Louis Pienaar.
Sosiaal: Nicolette van der Walt (redaktrise), Rika Wechner, Jannie Earle, Wilma van der Dool.
Damesblad: Jessica Knoetze (3214). Lynette de Meillon (3214).
Koshuisaangeleenthede: Trudy van der Merwe (redaktrise) (3214), Riaan Odendaal.
Akademies: Willemien Jehrling (redaktrise) (2037), Estelle Sadie, Saartjie Scribante, Sylvia Jackson en Matthy Janssens.
Kuns: Jessica Knoetze (redaktrise) (3214). Hester Grobler, Lynette de Meillon, Gerda Hoffman, Christine Viljoen en Saartjie Scribante.
Sport: Gert van Jaarsveld (redakteur) (2030), Paul Jordaan, Piet Killian, Elize van Wyk, Tokkie Scheepers, Thinus van Rooy, Charl van der Merwe, Annemie Schulz en Kobus van der Walt.
Foto's: Danie van Graan (redakteur) (4722), Wilma van der Dool.
Foto's geneem deur Fotokuns.




As gevolg van die (goeie) oordeel van die redakteur is die verantwoordelikheid om hierdie rubriek te behartig aan my opgedra.

Die is aanvanklik nodig om eers kortliks te besin oor die doel en sin van hierdie rubriek. In hierdie verband spreek die naam van die rubriek reeds boekdele: dit gaan trouens hierin nie om hoe *u* of sekere owerheidsinstansies sake sal beskou of deurgrond nie, maar in die eerste plek hoe Reflektor dinge sien.

Vanselfsprekend is dit dus dat hierdie rubriek in hoofsaak toegespits sal wees op campusaksies en/of -kwessies. Van tyd tot tyd, indien nodig, en as die geleentheid hom voordoen, sal nasionale studenteaangeleenthede onder die loep geneem word. Dit is dus onvermydelik dat die Studenteraad en onder (hoof?) liggaame telkens onder die vergrootglas sal kom, gesien, veral, in die lig van die bepaalde belangebehartigende funksie wat dit vervul.

Alleen om verwarring te voorkom, en gemaklikheidsonthalwe en om geen ander rede nie, sal in die toekoms verwys word na lede van die Studenteraad as G.G.'s. (Anders as algemeen aanvaar staan die letters hier nie as die registrasiemerk van staatsvoertuie nie, maar word daarmee bedoel om die woorde *Groot Geeste* af te kort.)

Van u, geagte leser, vra ek geen simpatieke oor nie, maar bloot 'n oop en ontvanklike gemoed. Sodat ons nie bymekaar verbypraat nie, vra ek verder dat u telkens poog om te onderskei tussen *satire* en erns en om in gedagte te hou dat *satire* moontlik die botoon kan voer.

Sonder om te verval in 'n misoes van retoriese breedsprakigheid soos sommige van ons klein vriendjies van die Hoofgebou, wens ek u toe tot volgende keer:

Au revoir,

REFLEKTOR.

# Prof. J. D. van der Vyver

**MET DIE uittrede van prof. H. L. Swanepoel is prof. J. D. van der Vyver verkies as die nuwe dekaan van die Fakulteit Regte.**

Prof. Van der Vyver slaag matriek in 1951 aan die Port Natal Hoërskool in Durban.

Hy behaal die grade, B. Com. (1954) met 'n onderskeiding in ekonomie, Ll.B. (1956), en B.A. (Hpnns) met lof in 1965.

Reeds in 1958 word hy aangestel as lektor in die departement Regte. Met die stigting van die Regsfukulateit in 1965 word hy hoof van die departement Regsfilosofie. Vanaf 1 Januarie 1970 is hy professor in die regte en van 1972 is prof. van der Vyver aangestel as dekaan.

As student van die P.U. vir C.H.O. was prof. van der Vyver vir drie termyne, vanaf 1965 tot 58 president van die A.S.B. Hy was ook in 1955 penningmeester van die studenteraad.

## ONS STEL BEKEND

Prof. Van der Vyver was verlede jaar vir agt maande oorsee waartydens hy navorsing gedoen het oor die idee van natuurlike menseregte in die V.S.A. en Engeland.

Hy was lid van die Raad op erkenning van Regseksamens en eerste eksaminator in Bantoereg vir matriek. Prof. Van der Vyver praktiseer ook nog deeltyds as advokaat.



Prof. J. D. van der Vyver.


HUIS en TUIN

Vir al u Studentebehoeftes.

★

Tel. 4641

★

U KEN ONS


# EERSTEJAAR – HAANTJIES SE STERTVERE GEPLUK

**MET HUL matrieksertifikate en grootheidswaan het honderde eerstejaars vanjaar by die Puk ingeskryf. Die groot persoonlikhede het egter gou besef dat hulle die eerste twee weke deur 'n vuurproef sou moes gaan.**

Vrydag 4 Februarie het 'n rekordgetal fynuitgedoste eerstejaars by die P.U. vir C.H.O. aangemeld.

Altesaam 1239 (674 dames en 565 mans) eerstejaarstudente word in stampvol koshuise gehuisves. Vanjaar het 'n dubbelkamer ruimte genoeg gehad vir nog 'n derde persoon en moes die dames kaste deel. Vir sommiges was dit erger as die hele ontgroening.

Vir baie eerstejaars was die oriënteringsoefeninge 'n groot liggaamlike lyding. Vir ander was dit egter weer goeie voorbereiding vir die eerstejaarsatletiek.

Hoewel die uitkenningsparades goed bygewoon was, het min senior mans hierdie jaar die nagdou en oggendkoue voor die S.R.-kantoor weerstaan. Die gevolg was dat sommige eerstejaar dames hulleself moes sleep na die ontheffingsdinee. Het die Puk mans se sin vir waardes dan verander?

By wyse van inlywing by die musieklewe van die Konserwatorium het die Musiekvereniging die afgelope week vir die eerstejaars 'n ligte musiekkonsert aangebied.

In die verlede het die Dorpstudente die ontgroening in 'n groot mate vrygespring, maar vanjaar is die klomp met kombi's bymekaar gemaak en deeglik by die bedrywighede betrek. Die Dorp was dan ook van die eerste om intertee te reël. Om die ontgroening af te sluit het hulle by Kasteel 'n grootse braaivleis gehad.

Vrydag se Tarentaaldag het heelwat eerstejaars skeef laat opkyk. Die aand het hulle teruggekeer van Tarentaal nadat 'n oorverdowende gejil na bloed hulle bleek om die kuwe gelaat het.

Nadat die ou Huiskomme Vrydagaand met rtane terug verwelkom is, het menig eerstejaar besluit om tog maar op die Puk aan te bly.

Ons hartlike dank aan die Seniors wat met soveel geduld en toewyding hulle aan die opvoedingstaak gewy het.


A. VORSTER APTEEK

(Frans Nel, B.Sc.Farm.)

★

Octron-gebou

Lombardstraat

★

VIR VINNIGE AFLEWERING

SKAKEL 7074


# Stemreg-Kontrole Kaarte — 'n beter kontrole

Die dikker pak registrasiekaarte het menige voltydse student snaaks laat opkyk. Die nuutste toevoeging tot hierdie stel kaarte is die nuwe stemregkontrolekaart van die Studenteraad wat vir hierdie jaar op 'n proefbasis in werking gestel is.

Die Studenteraad het bekend gemaak dat die ou stelsel van stemreglyste, wat gedesentraliseerd op hoofliggaamsvlak saamgestel is, baie onprakties was en heelwat skuiwergate vertoon het. Die nuwe stelsel hou in dat daar van elke voltyds ingeskrewe student een kaart gehou sal word wat op datum deur die loop van die jaar gehou sal word deur elke hofliggaam, op grond van 'n betrokke student se deelname en bywoning van program-vergaderings en massavergaderings. Volgens die Verkiesingskomitee van die Studenteraad kan die presiese stemregpersentasie van elke Hoofl-ggaam na die verkiesing ook nou noukeurig bepaal word, aangesien elke student se naam nou slegs op een kaart verskyn en nie op verskillende lyste soos in die verlede nie.

# Regsdosent Presteer

Ds. S. J. (Fanie) du Plessis, oud-studenteraadsvoorsitter van die P.U. en tans senior lektor in privaatreg aan die Universiteit, het pas sy doktorsgraad met hoogste lof (magnum cum laude) vrewerf. Dr. Du Plessis het drie jaar lank in Duitsland gestudeer en benewens sy studies vir die D. Juris-graad aan die Universiteit van Hamburg, het hy ook as gasstudent navorsing in privaatreg aan die wêreldberoemde Max Planck-instituut gedoen. Dr. Du Plessis se proefskrif handel oor die reg wat op internasionale kontrakte van toepassing is en is in Duits.

# Flou 1e jaars „konsert" lok kritiek uit

Vanjaar se Eerstejaarskonsert was weereens gekenmerk deur die normale gebrek aan talent. Hierdie „konsert" het plaasgevind op die 15 Februarie.

Die verskeidenheid van items wat aangebied was, was nie juis goed nie, maar nogtans was die seniors se „applous" so spontaan dat die inhoud van die items moeilik hoorbaar was.

Die items wat aangebied was het gewissel van ballet, Spaanse danse, ghitaarspel asook klavierspel tot 'n drakeparade wat die nuutste kampusmodes aan die dore ten toon gestel het.

Die Pukke hoop dat die Seniorkonsert 'n aanduiding was van wat op die Puk as talent beskou word.


SALON JO-ANN

★ MANS!!! Laat u hare sny en stilleer volgens die jongste snitte. Spesiale tariewe op Maandae, Dinsdae en Woensdae ——— Vanaf 40c.

TOMSTRAAT 98 - UITSIGGEBOU - TEL. 8071

BY VOORKEUR

Gebak deur

Turkstra

BY VOORKEUR

Bult Droogskoonmakers en Wassery

●

STUDENTE!

Dit is U droogskoonmakery en wassery. Hier sal u tuis voel.

●

BRING U SAK WASGOED — SPESIALE DIENS AAN STUDENTE.

Herstelwerk aan klere in 'n japtrap. Fout met u skoene? Bring hulle ook!

★

AFSLAG OP SEKERE HOEVEELHEDE.

●

Tomstraat 98 Telefoon 6674



# PRO REGE SE

(DIE GROOTSTE BOEKHAN

# is gereed

## TOMSTRAAT

(REGOOR CACHETPARK)

## SÓ NABY AAN DIE STUDENT AS WAT MO NOU ONDER EEN DAK.

## — Uitgewers en Boe

**BO: Hierdie algemene blik op ons winkel gee 'n indruk van die groot voorraad wat vir die student beskikbaar is.**




**REGS: Ons Teologiese afdeling is reeds ver buite die grense van die Republiek bekend vir sy diens.**

- ★ TEOLOGIESE EN WYSGERIGE EN ANDER BOEKE.
- ★ STUDIE BOEKE VIR HOËR ONDERWYS.
- ★ VOORGESKREWE BOEKE VIR P.U. vir C.H.O. en P.O.K.
- ★ SKOOLBOEKE, SKRYFBEHOEFTES.
- ★ LANGSPEELPLATE EN BLADMUSIEK.
- ★ AFROLWERK, VLAKDRUKWERK, KOPIEERWERK EN TIKMASJIENE.



## 21 JAAR DIENS AAN ONS STUDENTE


# PARKER

**Vervaardigers van die mees uitgesoekte pen**

**in die wêreld**

WENS

## *PRO REGE*

HARTLIK GELUK MET DIE UITBREIDINGS

AAN HUL WINKEL OP DIE BULT.

## JOHN DICKENSON & CO. / (EDMS.) BP

**Posbus 135 — ISANDO — Telefoon 36-3341**

**Verskaffers van**

# *Croxley*

**SKRYFBEHOEFTES aan**

## *PRO REGE*

Wens hul hartlik geluk met hulle nuwe

Studente Boekwinkel.

## Reny's Ingenieurswerke

(EDMS.) BPK.

**Oprigters van die**

**STRUKTURELE STAALKONSTRUKSIE**

**van**

## *PRO REGE*

**se nuwe gebou**

WENS HULLE ALLES VAN DIE BESTE TOE.

**THORIUMWEG — URANIAVILLE — POSBUS 769 — TEL. 2-5456, KLERKSDORP.**

ONS WERK IS ORAL IN POTCHEFSTROOM TE SIEN.

## E. J. KRUGER (EDMS.) BPK.

**Mainweg 239 — MARTINDALE — Tel. 27-4521/2/3.**

**Posbus 58075 — NEWVILLE — JOHANNESBURG.**

Verskaffers van

**SKRYFBEHOEFTES**

WENS

## *PRO REGE*

ALLES VAN DIE BESTE TOE IN DIE

NUWE AKADEMIESE JAAR.

# NUWE GEBOU

NTRUM IN WES-TRANSVAAL).

# die student



BO: In die bladmusiek-afdeling is vir die musiekliefhebber en -student ruim voorsiening gemaak.

LIK IS EN ALLES



delaars —

ADDRESSOGRAPH
MULTIGRAPH
ONS VLAKDRUKPERS



BO: Almal gaan by hierdie punt verby om dit so gerieflik moontlik te maak vir u nadat u benodigdhede uitgesoek is.

LINKS: By die skryfbehoefte toonbank is die grootste voorraad en verskeidenheid skryfbehoeftes in Wes-Transvaal.




Meer as 3 ton papier word maandeliks op ons perse gebruik vir diktate, ens.

## PRO REGE

(en.: Potchefstroomse Boekhandel (Edms.) Bpk.) )

TELEFOON 5236

Direkteure:
K. J. Turkstra, H. Turkstra, A. J. van der Walt (Besturende).



Mnr. A. J. van der Walt, Besturende Direkteur, sal u graag wil ontmoet om enige probleme wat u mag hê persoonlik met u te bespreek.

Utility Agencies (PTY) LTD.

CAROL CARDS

293 Voortrekker Road — MAITLAND — Telephone 518680, 518634 — P.O. Box 3799, CAPE TOWN. Telergams: Carol Cards.

Verskaffers van
GROETEKAARTJIES
wens

PRO REGE

hartlik geluk met die uitbreidings aan hul Winkel op Die Bult.

EDA TILINGS (EDMS.) BEPERK

Tel. 6681 — Posbus/P.O. Box 491 — Wolmaransstraat/Street 77, POTCHEFSTROOM.

Spesialiste in:
- VLOERBEDEKKING
- BAMBOES GORDYNE
- JAPANESE- EN PLAASLIKE MOSAIK
- MODERNE VOUDEURE
- VENETIAN BLINDS
- WATERDIGTING

esoek ons vir die wêreldleier-gehalte binne en buite volvloer tapyte.

LLES GEDOEN EN GEWAARBORG DEUR BLANKE VAKMANNE.

Ons het die vloerteëls en blindings vir PRO REGE se nuwe winkel gelê en verskaf.

DAN VORSTER
BOUKONTRAKTEUR
Bodensteinstraat 25 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 4812
OPRIGTERS VAN PRO REGE SE NUWE GEBOU.

SNYMAN'S ELEKTRIESE DIENSTE
GROOTHANDELAARS IN ELEKTRIESEWARE
ONS HET DIE ELEKTRIESE INSTALLASIE BY PRO REGE BEHARTIG

SMITTIE'S ELEKTRIESE DIENSTE
Kerkstraat 63 — POTCHEFSTROOM — Tel. 3217
ELEKTRIESE KONTRAKTEURS

## HOOGTEPUNT



Sandra Ferreira het gesorg vir een van die hoogtepunte van die Senior-programaand in Thalia se aanbieding van „Die Afrikaanse Taal". *Foto: Fotokuns.*

# SENIORKONSERT SPIEËLBEELD VAN PUK-TALENT

**DONDERDAGAAND het die Pukke in hulle hordes opgetrek na die senior-programaand.**

Die program het bestaan uit uittreksels uit Thalia se '71-program: Maltrapstreke uit Toeka se dae.

Die musiek wat deur die Alabama-ritmegroep verskaf is, het menige Puk na sy asem laat snak. Louis van Rensburg het die leiding op hom geneem en Johan van Rensburg het slegs as gaskunstenaar opgetree.

Saam met Thalia het ons op Hartebeesfontein gekuier. Koos (Kaffer) Kruger red die wêreld van 'n magsoorname van die vrou, en ons hoor die die soet klanke, van die taal van die trotse Boerenooi.

Komediante, Jo: Enslin, en Frans Kruger het weer die Pukke laat skater.

Die program word jaarliks aangebied ten einde Thalia en Alabama aan die Eerstejaars bekend te stel en belangstelling te werf vir deelname aan die 1972-program.



Die Alabama Ritmegroep met Louis van Rensburg voor die orrel en klavier het tydens die Senior-programaand gewys waartoe hulle in staat is. *Foto: Fotokuns.*

## Tukkies presteer

Die Departement Dramatologie van die Universiteit van Pretoria moet gelukgewens word met die welslae van hul opvoering van Elektra (Euripedes). Die studente was besonder gelukkig om saam met Aleki Katseli, een van die grootste aktrises van Griekse drama in die wêreld, op te tree. Self het die Tukkies hulle ook puik van hul taak gekwyt en veral Lerina Erasmus in die titelrol het haarself met oortuigende en dinamiese spel oortref.

Interessant is die feit dat hoewel Katseli in Grieks en die studente in Afrikaans hul rolle vertolk, dit hoegenaamd nie hinderlik aandoen nie.

Die dekor en kostumering is fyn beplan en professioneel aangebied, terwyl die koorwerk 'n uitstekende eenheid vorm wat van afronding getuig.

Vir hierdie uitstekende aanbieding, wat veral as 'n opleidingsprojek vir al die dramastudente gesien is, moet regisseur Neels Hansen beslis op die skouer geklop word.


U kan gerus u bande versool by . . .

**GOLDEN WEST RETREADERS**



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK!

**Groot voorraad**

★ **NUWE en VERSOOLDE bande**

**Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak**

★ **Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING**

**LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM**

**(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste prysr)**



**JOUBERT MEUBELS**

★

*Kom besoek ons vir*

**MEUBELS VAN GEHALTE EN GRAMMOFOONPLATE**

**Kerkstraat 201 POTCHEFSTROOM Telefoon 3420**



**LA VOGUE**

*POTCHEFSTROOMSE MODERNSTE DRAPERIEHANDEL*

★

**Vir alles wat die Student nodig het!**

★

KERKSTRAAT 130 TEL. 3822


## 20th Century

**Maan. 31 en Dins. 1 Maart:**
"WHEN DINOSAURUS RULED THE WORLD"
Victoria Vetri, Robin Hawdin.

★

**Woens. 2 tot Sat. 5 Maart:**
"THE ARRANGEMENT"
Kirk Douglas, Faye Dunnawaye, Deborah Kerr (4-18).

★

**Maan. 7 en Dins. 8 Maart:**
"THE SHOOT HORSES DON'T THEY"
Jane Fonda, Michael Sarrazin

★

**Woens 9 en Don. 10 Maart:**
"MOSBY'S MAURAUDERS"
James McArthur, Nick Adams

## Goue Weste

**Maan. en Dins. 28 en 29 Feb. om 7 nm.:**
**Vry. en Sat. 2 en 4 Maart om 7 nm.:**
"MACKENNA'S GOLD"
Gregory Peck, Omar Shariff. (4-12)

★

**Woens. 1 en Don. 2 Maart om 7 nm.:**
"SYLVIA"
Carroll Baker, George Maharis. (4-18).

★

**Maan. 6 en Dins. 7 Maart om 7 nm.:**
**Vry. en Sat. 10 en 11 Maart, om 7 nm.:**
"THE MAGIC CHRISTIAN"
Peter Sellers, Ringo Starr

## Potch. Inry

**Maan. 28 Feb. tot Sat. 4 Maart:**
"BEN HUR"
Charlton Heston, Jack Hawkins. Let Wel: Slegs een vertoning om 7 nm.

★

**Maan. 6 en Dins. 7 Maart om 7 nm.:**
**Vry. en Sat. 10 en 11 Maart om 9 nm.:**
"HOW TO COMMIT MARRIAGE"
Jane Wyman, Jackie Gleason (4-18).

★

**Woens. 8 en Don. 9 Maart om 7 nm.:**
**Vry. en Sat. 10 en 11 Maart om 7 nm.:**
"CARRY ON IN THE LEGION"
Phil Silver, Jim Dale, Kenneth Williams.

# Waar was al die mans?

**DIE EERSTEJAARSDINEE is vanjaar gekenmerk deur 'n skreiende tekort aan mans.**

Nie alleen was daar te min Drake nie, maar ook 'n gebrek aan ridderlikheid onder ouhere. Die verskynsel kan toegeskryf word aan die feit dat 1972 'n skrikkeljaar is, maar die gevolg was egter dat heelwat Dore nie die dinee kon bywoon nie.

Nietemin het die nuwe Eerstejaars die geselligheid geniet.

Die gesofistikeerde jong dametjies kon skaars herken word as die verwaarloosde Dore van 'n dag tevore. Hulle het gesprankel in 'n mengelmoes van kleur en mode sodat meeste geselle dit moeilik gevind het om hulle aandag by die toesprake te bepaal. Die Eerstejaarmans het hulle voorwaar in Kännan bevind. Pragtige asters, musiek' en 'n alma tyd sonder die onderbrekings waaraan hulle tydens die oriënteringstydperk gewoond moes raak.

Die A.O.B. kan gekomplimenteer word met die oorspronklike wyse waarop hulle die dinee aangebied het.

Die nuwe Eerstejaars sal nog lank terugdink aan die romantiese Spaanse atmosfeer, die kenmerkende grappe van Koos Kaffer en die boodskap van die Rektor.

Maar volgens hulle is die belangrikste dat hulle nou formeel as studente aanvaar is en die oriënteringstydperk met 'n groot sug van verligting vaarwel kan roep. Sommige kan nou swot, die res gaan hulle daarop toelê om opregte Pukke te word.

# OOR DIE ONDERDEUR

Dagsê liewe Pukke,

Wat 'n heerlike nuwe jaar van sleep lê nie vir julle voor nie. Die oudames en ouhere het nou lank genoeg gehad om te besluit wie wil wie hê; dit is nou die jaar van **aksie** — en skrikkeljaar, dames!

Die Dore en Drake staan nou op die punt van 'n mooi tydperk in hulle lewe en, ag Doortjies, dit moet maar versigtig wees vir die ouhere. Moenie julle hartjies nou al laat stukkend breek nie.

Daar het baie interessante dinge gebeur vandat ek laas oor die onderdeur geloer het, ek sien baie stralende gesigte, maar lyk my daar is meer met trane — simpatie hoor!

Gelukkig is my onderdeur nie so hoog soos die van Kasteel nie, anders het ek dalk nooit iets raakgesien nie.

Nouja, ek hoor Sariette van der Walt se ma was hewiglik onsteld, want na al **Gawie** se huistoe neem, kom toe die groot sleep — en waar gaan dit nou heen.

**Lana**, ek hoop nie Thalia kry meer besoek as jy nie. Gaan **Hannie de Kock** vanjaar net netbal speel, of het sy aspirasies vir die rugbyspan ook. Ek wonder wat **Hilta** se planne is. **Rina Joubert** se ou heet **Basie**, waarom noem sy haar kokketiel nou Ferdinand.

**Peter Butow** sê hy is reg vir Alabama, **Daleen Schutte** sorg dat hy in oefening bly.

**Etitia Oberholzer** en **Theunie Hendriks** voer nog steeds die stryd, aan die eenkant tussen die liefde en aan die anderkant tussen Puk en Pote.

Arme **Johan Bruwer** en **Pat Pelser** — dat Durban nou dit aan hulle kon doen.

Ek weet nie of die ander ouhere dit ook opgelet het nie, maar Karlien se rooirokdore gaan beslis die mooiste eerstejaardames op die kampus wees.

**Sandra Maree** se ou is van Johannesburg en elke keer as hy skakel word hulle afgesny, nou het sy 'n eis van 5c per oproep teen die sentrale ingestel. **Linda van der Mere** gaan haar ondersteun.

Die dames het al seker opgemerk hoe baie van die S.R.-lede nie vassleep nié. 'n Nuwe gesiggie vergesel hulle elke keer.

**Joretha** wens die „swottings” is al verby, die plaaswerk roep. **Ronel Schonefeldt** gee glad nie om dat **Hennie** baie na **Bartlo** lyk nie en **Mariena** sê dit is 'n kompliment.

**Ona du Preez** voel glo baie jammer vir **Ockie Raubenheimer**, maar amper been-af na 'n skipoging is tog beter as regtig been-af oor 'n ander meisie.

Dit is eienaardig dat al die gewilde (wilde?) ouens **„Kobus”** heet. **Wendy Macaskill, Francise Joubert** en al die S.R.-bewonderaars stem saam.

**Erika Wolfaard** wil so graag twee jaar jonger wees — hoe oud wil **Kobus** wees? (Alweer 'n Kobus!)

**Hans Booysen** is glo nie bekend met die woord VASSLEEP nie, dalk gee **Kathy** hom 'n woordeboek met sy verjaardag.

**Danie Gildenhuys** gaan vanjaar of baie geinspireer word om atletiek to oefen, of hy gaan glad nie tyd kry nie — of wat sien **ek** alles, **Ina**? **Jan van Jaarsveld** het nou finaal besluit, voortaan gaan dit net **Nockey Oosthuizen** wees.

**Alwa Fourie** het nou meer rede om in Hoë Kringe te beweeg, sy is mos een primaria van Kasteel.

**Leon van Rooyen** kan nie meer wag dat die oorbrug voltooi word nie. Nie alleen sal hy minder brandstof gebruik nie, maar wel gouer by **Elize** kan kom.

My wens aan die Pukke van 1972 is:

SLEEP, SLEEF, sleep. (net nie vakke sleep nie, Julle).

**Agie.**



**Die nuutverkose „primaria” van Oosterhof terroriseer Dore met “Ogpu”.** *(Foto: Fotokuns).*



**Lafenis word gesoek tydens 'n lang en harde sit by die Inry . . .** *(Foto: Fotokuns).*



**. . . terwyl ander hulle gemaklik tuismaak voor die S.R.-kantoor en die wind en reën trotseer om die guns van 'n Door.** *(Foto: Fotokuns).*




**Die Skuur se Drake word in die pad gesteek . . .** *(Foto: Fotokuns).*



**. . . terwyl Uitspan „huis” bou!** *(Foto: Fotokuns).*

